

RGN-PUBLIKASIELYS

'n Volledige lys van RGN-publikasies of 'n lys van publikasies van 'n besondere instituut van die RGN kan van die Publikasiebestuurder verkry word.

TOETSPROGRAM WAT VIR OPVOLG- EN KONTROLEGROEPE GEBRUIK IS (1974-1981)

Jaar	Standerd 3	Standerd 4	Standerd 5	Standerd 6	Standerd 7	Standerd 8	Standerd 9	Standerd 10	Subtotale	Totale
1974	7 500	1 500	1 500	5 000	1 500	1 500	1 500	1 500	21 500	21 500
1975	1 500	6 525 1 500	1 500	1 500	3 750 1 500	1 500	1 500	1 500	10 275 12 000	22 275
1976	-	-	5 700 1 500	-	-	2 850 1 500	-	-	8 550 3 000	11 550
1977	1 500	1 500	1 500	5 000 1 500	1 500	1 500	1 875 1 500	1 500	6 875 12 000	18 875
1978	-	-	-	-	3 750 1 500	-	-	1 500 1 500	5 250 3 000	8 250
1979	1 500	1 500	1 500	1 500	1 500	2 850 1 500	1 500	1 500	2 850 12 000	14 850
1980	-	-	-	-	-	-	1 875 1 500	-	1 875 1 500	3 375
1981	-	-	-	-	-	-	-	1 500 1 500	1 500 1 500	3 000
TOTAAL										103 675

Instelling van televisie

Met Opgvolggroep (dieselfde leerlinge elke jaar getoets)

Sonder Kontrolegroep (N+ 1 500)

Die invloed van televisie op die menings van leerlinge in standerd drie tot vyf

VON FEILITZEN, CECILIA. 1975. Findings of Scandinavian research on child and television in the process of socialization. In Prix Jeunesse Seminar. Munchen : Verlag Dokumentation Publishers.

WRIGHT, C.R. 1975. *Mass communications: A sociological perspective*. 2nd ed. New York : Random House.

- PITOUT, M. 1985. *Televisiestykpatrone van die skoolgaande jeug: standerd 3- tot 5-leerlinge*. Pretoria : RGN.
- ROBERTS, D.F., SCHRAMM, W. 1974. Children's learning from the mass media. In SCHRAMM, W., ROBERTS, D.F. ed. *The process and effects of mass communications*. 3rd. rev. ed. Urbana : University of Illinois Press.
- SCHRAMM, W. 1974. The nature of communication between humans. In SCHRAMM, W., ROBERTS, D.F. ed. *The process and effects of mass communications*. 3rd. rev. ed. Urbana : University of Illinois Press.
- SCHRAMM, W., LYLE, J., PARKER, E.B. 1961. *Television in the lives of our children*. California : Stanford University Press.
- SMALL, L. 1979. *Die korttermyninvloed van televisie op die menings van Afrikaanssprekende adolessente*. Pretoria : RGN.
- VAN DER MERWE, L. 1981. *The effect of television on the opinions of English-speaking Standard Nine and Ten pupils*. Pretoria : HSRC.
- VAN DER MERWE, L., DE BEER, J.J., 1980. *Die invloed van televisie op die menings van Afrikaanssprekende standerd nege- en tien-leerlinge*. Pretoria : RGN.
- VAN VUUREN, D.P. 1979. *Televisie en die kind*. Pretoria : RGN. (Kantoorverslag.)
- VAN VUUREN, D.P., DE VILLIERS, G.M. 1977. *Die eerste televisiekykers: 'n Vergelykende studie*. Pretoria : RGN.

Navorsingsbevinding KOMM N- 121

Die invloed van televisie op die menings van leerlinge in standerd drie tot vyf

M. van Deventer

Pretoria
Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing
1985

BRONNELYS

CHILD, D. 1970. *The essentials of factor analysis*. London : Holt, Rinehart and Winston.

COMPTON, MARY, F. 1983. *Television viewing habits of early adolescents*. Claring house 57 (2), October 1983: 59-62.

COMSTOCK, G., CHAFFEE, S., KATZMAN, N., McCOMB, M., ROBERTS, D. 1978. *Television and human behavior*. New York: Columbia University Press.

FISKE, J., HARTLEY, J. 1978. *Reading television*. London : Methuen.

GORSUCH, R.L. 1974. *Factor analysis*. Philadelphia : W.B. Saunders.

HARMAN, H.H. 1967. *Modern factor analysis*. Chicago : University of Chicago Press.

HIMMELWEIT, H.T., OPPENHEIM, A.N., VINCE, P. 1958. *Television and the child*. London : Oxford University Press.

HOWITT, D. 1982. *The mass media and social problems*. Oxford : Pergamon Press.

McKENNEL, A. 1970. Attitude measurement: use of coefficient alpha with cluster or factor analysis. In *Sociology: The Journal of the Sociological Association*. Vol. 4, 1970: 227-245. ✓

PEENS, R. 1977. *h Eksploratiewe faktoriale en betroubaarheidsondersoek van die meningsopnamevraelys vir die skoolgaande jeug*. Pretoria : RGN.

RGN BIBLIOTEK LIBRARY HSRC	
1986 -02-24	
STANDKODI 001.3072068 HERC KOMM N 121	REGISTERNOMMER 068429
DESTELNOMMER R10	

M. van Deventer, B.A. (Hons.)
Instituut vir Kommunikasienavorsing
Uitvoerende Direkteur: Dr. P.C.J. Jordaan

ISBN 0 7969 0289 5

ERKENNING

Uit die resultate van die effekstudie blyk dat televisie waarskynlik nie die menings van primêreskoolleerlinge oor godsdiens en normatiewe aanvaarding beïnvloed het nie. 'n Afleiding wat moontlik hieruit gemaak kan word, is dat leerlinge in die primêreskool godsdienstige sake soos bid met etes, gereelde Bybellees, gereelde kerkgang, persoonlike gebed, kerklidmaatskap en bydraes vir die sending, as baie belangrik beskou en dat hulle menings daarvoor, ten spyte van die lang ure voor die televisiestel, nie verander het nie. Dieselfde opmerking kan oor primêreskoolleerlinge se menings oor normatiewe aanvaardingsaangeleenthede soos straf op skool, dra van skooldrag, onbeperkte leesstof, ouerlike beheer oor bioskoopbywoning, Sondagsport en bioskoop op Sondag gemaak word.

Dat televisie waarskynlik nie 'n invloed gehad het op die menings van primêreskoolleerlinge wat godsdienssin en normatiewe aanvaarding betref nie, beteken nie noodwendig dat televisie geen invloed uitoefen op kinders se lewens nie. Roberts *et al.* (1974: 610) meen dat jong kinders deur die media beïnvloed word net soos deur ander gebeurtenisse wat in hulle lewens plaasvind. Hulle bestee veral baie tyd en aandag aan die media, reageer emosioneel ten opsigte van die media en leer van die media. Kinders neem egter nie alles in wat hulle sien en hoor nie en word ook verskillend beïnvloed deur dit wat hulle sien en hoor. In sekere omstandighede kan kinders vatbaar wees vir beïnvloeding terwyl in ander omstandighede geen beïnvloeding sal plaasvind nie.

Die ondersoek na die invloed van televisie op die menings van primêreskoolleerlinge het oor die kort termyn plaasgevind en dit kan 'n rede wees waarom televisie oënskynlik nie 'n invloed uitgeoefen het nie. Skrywers soos Schramm (1974: 52) is dit eens dat ons nie na 'n vinnige en dramatiese verandering oor die kort termyn moet soek nie, maar eerder na 'n geringe verskuiwing in die samelewing op die lang termyn. Verdere navorsing oor die invloed van televisie op menings oor die lang termyn word aanbeveel.

Die inligting wat in hierdie navorsingsbevinding vervat is, is verkry van projek KOMM 11 wat onderneem is om te bepaal wat die invloed van televisie op die skoolgaande jeug is. Data is van skole in al vier provinsies verkry.

Dank word aan die volgende persone en instansies oorgedra vir hul aandeel in die beplanning en uitvoering van die projek:

Die Komitee van Onderwyshoofde wat toestemming gegee het dat die projek geloods mag word;

die hoofde van skole en hul personeel wat as toetsafnemers opgetree het;

die skoolsielkundiges van die Sielkundige en Voorligtingsdiens van die verskillende onderwysdepartemente wat verantwoordelik was vir die opleiding van die toetsafnemers;

die leerlinge wat as respondente opgetree het; en

lede van die *ad hoc*-komitee wat met die beplanning van die projek behulpsaam was, naamlik:

<i>Dr. J.D. Venter (Voorsitter)</i>	<i>Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing</i>
<i>Prof. T.L. de Koning</i>	<i>Universiteit van Venda</i>
<i>Dr. P.H. du Preez</i>	<i>Departement van Nasionale Opvoeding</i>
<i>Prof. D. Joubert</i>	<i>Universiteit van Stellenbosch</i>
<i>Mnr. P.W. Mans</i>	<i>Natalse Onderwysdepartement</i>
<i>Prof. N.J. Mentz</i>	<i>Transvaalse Onderwysdepartement</i>
<i>Mnr. B. Olivier</i>	<i>Onderwysdepartement, Kaap die Goeie Hoop</i>
<i>Mnr. D.J.L. Pretorius</i>	<i>SAUK</i>
<i>Mnr. F. Swanepoel</i>	<i>OVS-Onderwysdepartement</i>
<i>Mnr. G. Yssel</i>	<i>SAUK</i>

Wat die metode van ondersoek ten opsigte van die breë tendensstudie betref, is die gemiddelde veldtotaaltellings wat die leerlinge behaal het ten opsigte van die meningsvelde godsdiensin en normatiewe aanvaarding vergelyk oor die jare 1974 tot 1979. Die 95 %-betroubaarheidsintervalle is vir die gemiddelde veldtotaaltellings bereken en is daarna geïnspekteer vir aanduidings van stygende en dalende tendense.

Ten einde die effekstudie uit te voer, is die leerlinge in 1976 (toe hulle in standerd 5 was) op grond van hulle televisiekyktye as ligte en strawwe televisiekykers geïdentifiseer. Die ligte televisiekykers het vir die doeleindes van die studie bestaan uit leerlinge wat minder as 6,5 uur per week, of glad nie televisie gekyk het nie. Die strawwe televisiekykers het uit leerlinge bestaan wat 21,5 uur per week of langer televisie gekyk het.

Die strawwe en ligte televisiekykers is hierna op grond van hul identiteitsnommers in 1974 (toe hulle in standerd 3 was) geïdentifiseer as potensiële strawwe en ligte televisiekykers. Pare is hierna gevorm deur 'n afparingsprosedure uit te voer op die respondente se veldtotaaltellings (godsdiens en normatiewe aanvaarding).

Na afparing is die gemiddelde verskiltelling tussen die potensiële ligte en strawwe televisiekykers bereken. T-toetse vir afgepaarde groepe is toegepas op die gemiddelde verskiltellings. Die afparingsprosedure het suksesvol geblyk te wees aangesien die t-waardes nie statisties betekenisvol was nie. Die afgepaarde respondente is vervolgens in 1976 geïdentifiseer. T-toetse vir afgepaarde groepe is weer eens toegepas tussen die

ABSTRACT/SAMEVATTING		ix/x
1	INLEIDING	
	TEORETIESE AGTERGROND EN DOEL	1
2	METODE VAN ONDERSOEK	4
2.1	AGTERGROND	4
2.2	VRAELYTE	4
2.2.1	<i>Biografiese vraelys</i>	4
2.2.2	<i>Televisievraelys</i>	5
2.2.3	<i>Meningsopnamevraelys</i>	5
2.3	ONDERSOEGROEPE	6
2.3.1	<i>Samestelling van die steekproewe vir die breë tendensstudie</i>	6
2.3.2	<i>Samestelling van die steekproef vir die effekstudie</i>	7
2.4	VERWERKING EN AANBIEDING VAN GEGEWENS	7
2.4.1	<i>Meningsopnamevraelys</i>	7
2.4.2	<i>Breë tendensstudie</i>	16
2.4.3	<i>Effekstudie</i>	19
3	RESULTATE	26
3.1	BREË TENDENSSTUDIE	26
3.1.1	<i>Inleiding</i>	26
3.1.2	<i>Godsdienssin (veld 1)</i>	26
3.1.3	<i>Normatiewe aanvaarding (veld 2)</i>	28
3.2	Effekstudie	29
3.2.1	<i>Inleiding</i>	29
3.2.2	<i>Godsdienssin (veld 1) en normatiewe aanvaarding (veld 2)</i>	29

INHOUDSOPGAWE

	BLADSY
4 SAMEVATTING	30
BRONNELYS	34
BYLAE A	37

4. SAMEVATTING

Kommer bestaan by ouers, onderwysers, leraars en sielkundiges oor die invloed wat televisie op primêreskoolleerlinge se menings kan hê, veral as die betreklik lang ure wat die leerlinge gemiddeld voor die televisiestel bestee, in ag geneem word. Pitout (1985) se ondersoek in die RSA dui daarop dat standerd 3-leerlinge gemiddeld 22,20 uur per week, standerd 4-leerlinge, 23,14 uur per week en standerd 5-leerlinge 23,16 uur per week voor die televisiestel in 1979 deurgebring het. Primêreskoolleerlinge bring byna net soveel tyd gedurende skoolkwartale voor die televisiestel deur as op die skoolbanke (ongeveer 25 uur per week). Televisiekyktye gedurende vaksietye is dan nog nie eens in berekening gebring nie.

In hierdie studie is die volgende doelstellings gestel, naamlik

- (i) om na te gaan of daar verandering oor tyd in primêreskoolleerlinge se menings plaasgevind het (breë tendensstudie).
- (ii) om ondersoek in te stel of televisie die menings van primêreskoolleerlinge beïnvloed het (effekstudie).

n Faktorontleding is op die 58 vrae van die meningsopnamevraelys uitgevoer. Twee faktore, naamlik godsdienssin (veld 1) en normatiewe aanvaarding (veld 2) (bestaande uit 7 vrae elk) is onttrek. Gemiddelde veldtotaaltellings is vir die twee velde bereken ten opsigte van elke leerling wat in die ondersoek betrek is.

LYS VAN TABELLE

3.2 EFFEKSTUDIE

3.2.1 *Inleiding*

Die effekstudie is onderneem om ondersoek in te stel of televisie die menings van primêreskoolleerlinge oor godsdienstige aangeleenthede en normatiewe aanvaarding beïnvloed het.

3.2.2 *Godsdienssin (veld 1) en normatiewe aanvaarding (veld 2)*

Uit tabelle 8 en 9 blyk dat die t-waardes wat verkry is deur die gemiddelde veldtotaaltellings van die ligte en strawwe televisiekykers met mekaar te vergelyk ten opsigte van godsdienssin (veld 1) en normatiewe aanvaarding (veld 2) nie statisties betekenisvol was nie.

Die afleiding wat hieruit gemaak kan word, is dat televisie waarskynlik nie die menings van die leerlinge in die ondersoekgroepe oor godsdienssin en normatiewe aanvaarding beïnvloed het nie. 'n Moontlike verklaring is dat die sosialisering-agente soos byvoorbeeld die ouerhuis, die kerk en die skool vir die jong kind van ongeveer 12- tot 13-jarige ouderdom nog steeds die belangrikste is, en dat televisie hoofsaaklik teen die agtergrond van hierdie sosialisering-agente gesien moet word.

TABEL		BLADSY
1	SAMESTELLING VAN GEWEEGDE STEEKPROEF AFRIKAANSSPREKENDELEERLINGE IN BREË TENDENSSTUDIE	8
2	SAMESTELLING VAN GEWEEGDE STEEKPROEF ENGELSSPREKENDE LEERLINGE IN BREË TENDENSSTUDIE	9
3	SAMESTELLING VAN STEEKPROEF AFRIKAANSSPREKENDE LEERLINGE IN EFFEKSTUDIE	10
4	SAMESTELLING VAN STEEKPROEF ENGELSSPREKENDE LEERLINGE IN DIE EFFEKSTUDIE	10
5	GEROTEERDE FAKTORMATRIKS OP 14 GESELEKTEERDE VRAE	13
6	TENDENSSTUDIE: GEMIDDELDE VELDTOTAALTELLINGS MET BETROUBAARHEIDSINTERVALLE TEN OPSIGTE VAN GODSDIENSSIN (VELD 1)	16
7	TENDENSSTUDIE: GEMIDDELDE VELDTOTAALTELLINGS MET BETROUBAARHEIDSINTERVALLE TEN OPSIGTE VAN NORMATIEWE AANVAARDING (VELD 2)	17
8	EFFEKSTUDIE: RESULTATE TEN OPSIGTE VAN GODSDIENSSIN (VELD 1)	22
9	EFFEKSTUDIE: RESULTATE TEN OPSIGTE VAN NORMATIEWE AANVAARDING (VELD 2)	22

3.1.3 *Normatiewe aanvaarding (veld 2)*

Die gemiddelde veldtotaaltellings ten opsigte van veld 2 (normatiewe aanvaarding) word volgens standerd, taal en geslag in tabel 7 gerapporteer. Die 95 % betroubaarheidsintervalle vir elke gemiddelde veldtotaaltelling word ook telkens verskaf.

In teenstelling met die hoë gemiddelde veldtotaaltellings wat op die meetinstrument se skaal ten opsigte van godsdiens behaal is, is ten opsigte van normatiewe aanvaarding (veld 2) heelwat laer veldtotaaltellings behaal. Die gemiddelde veldtotaaltellings ten opsigte van normatiewe aanvaarding wissel van 4,42 (Afrikaanssprekende standerd 4-meisies) tot 7,19 (Engelssprekende standerd 4-seuns) uit 'n maksimumtelling van 14.

Uit tabel 7 is dit duidelik dat die meisies se gemiddelde veldtotaaltellings oorwegend ietwat hoër is (min of meer 1 veldtotaaltelling) as die seuns se gemiddelde veldtotaaltellings. Wat die taalgroepe betref, is daar geringe aanduidings dat die Afrikaanssprekende leerlinge se gemiddelde veldtotaaltellings hoër is as die Engelssprekende leerlinge se gemiddelde veldtotaaltellings.

Wat die standerd 3- en 4-leerlinge betref, is feitlik deurgaans van 1975 tot 1979 aanduidings van 'n stygende tendens waarneembaar by normatiewe aanvaarding (veld 2). Oor die algemeen het daar nie veel verandering in die standerd 5-leerlinge se gemiddelde veldtotaaltellings oor die jare plaasgevind nie. Vanaf 1977 tot 1979 is daar aanduidings van 'n geringe styging in die gemiddelde veldtotaaltellings van standerd 5 Afrikaanssprekende seuns en meisies en die Engelssprekende meisies.

Nie een groep het 'n laer gemiddelde veldtotaaltelling as 10,1 behaal nie. Hieruit kan afgelei word dat die primêre-skoolleerlinge in standerd 3 tot 5 in die studie waarskynlik 'n relatiewe hoë positiewe mening ten opsigte van godsdiens-aangeleenthede gedurende die jare 1974 tot 1979 gehuldig het.

Alhoewel albei geslagsgroepe se gemiddelde veldtotaaltellings ten opsigte van godsdienssin relatief hoog is, is dit duidelik uit tabel 6 dat die seuns se gemiddelde veldtotaaltelling deurgaans met ongeveer 1 tot 2 veldtotaaltellings hoër is as die meisies s'n. Wat die taalgroëpe betref, kom geen opmerkbare verskille tussen die Afrikaanssprekende en Engels-sprekende leerlinge voor nie.

'n Verdere afleiding uit tabel 6 is dat die standerd 3- en 4-leerlinge se gemiddelde veldtotaaltelling vanaf 1974 tot 1975 feitlik konstant gebly het. Daarna is daar aanduidings van 'n daling in die gemiddelde veldtotaaltellings in die jare 1975 en 1977, waarna daar weer aanduidings van 'n styging in die gemiddelde veldtotaaltellings voorgekom het vanaf 1977 tot 1979. (Die gemiddelde veldtotaaltellings was in 1979, na die dalings en stygings weer tot op min of meer dieselfde vlak as in 1974.)

In teenstelling met die standerd 3- en 4-leerlinge het die standerd 5-leerlinge se gemiddelde veldtotaaltellings oor die jare redelik konstant gebly. By die Afrikaanssprekende leerlinge het daar egter vanaf 1977 tot 1979 aanduidings van 'n daling voorgekom. Wat die Engelssprekende leerlinge betref, was daar vanaf 1975 tot 1976 aanduidings van 'n styging.

The primary aim of the investigation was to determine whether there had been any change in the views on religion and normative acceptance of primary school pupils between 1974 and 1979. From the broad trends study which led to the collection of data on 25 500 pupils in Standards 3 to 5, certain trends could be observed. It was noticeable that the primary school pupils involved in the investigation held positive views on religion. Regarding differences in language, sex and age it was found that age (Standards 3 and 4 compared with Standard 5) accounted for most of the fluctuation in trends in respect of both sense of religion and views on normative acceptance.

A further investigation was undertaken to determine whether television had affected the views of primary school children on these matters. From the results it was evident that this was probably not the case. This was possibly due to the fact that primary school pupils attach great importance to religious matters, thus countering the possible effect of television on their views regarding these matters. The same would apply to pupils' views on normative issues.

In die ondersoek word eerstens daarop gelet of enige verandering tussen 1974 en 1979 plaasgevind het in die menings van primêreskoolleerlinge ten opsigte van godsdienssin en normatiewe aanvaarding. Uit die breë tendensstudie, wat gegewens oor 25 500 leerlinge in standerd 3 tot 5 bevat, is bepaalde tendense waarneembaar. Dit was opmerklik dat die primêreskoolleerlinge positiewe menings huldig ten opsigte van godsdiens. Wat taal-, geslag-, en ouderdomsverskille betref, is ouderdom (standerd 3 en 4 teenoor standerd 5) verantwoordelik vir die meeste fluktuasie in tendense by beide meningsvelde, naamlik godsdienssin en normatiewe aanvaarding.

Verdere ondersoek is onderneem om vas te stel of televisie die menings van die primêreskoolleerlinge beïnvloed het. Uit die resultate is dit duidelik dat televisie waarskynlik nie die menings van primêreskoolleerlinge ten opsigte van godsdienssin en normatiewe aanvaarding beïnvloed het nie. Primêreskoolleerlinge beskou moontlik godsdienstige sake as so belangrik dat ten spyte van die lang ure voor die televisiestel hulle menings daaroor nie beïnvloed is nie. Dieselfde opmerking kan oor primêreskoolleerlinge se menings oor normatiewe aanvaarding gemaak word.

3. RESULTATE

3.1 BREË TENDENSSTUDIE

3.1.1 *Inleiding*

Die breë tendensstudie is onderneem om ondersoek in te stel of die menings ten opsigte van godsdiens en normatiewe aanvaarding van primêreskoolleerlinge oor die tydperk van 1974 tot 1979 verander het. 'n Totaal van 25 500 leerlinge se response is ten opsigte van die velde godsdiens en normatiewe aanvaarding ontleed om moontlike tendensverskuiwings oor die tydperk van 6 jaar te bepaal.


Die aanname kan gemaak word dat hoe hoër die gemiddelde veldtotaaltelling van 'n groep is, hoe positiewer is die gemiddelde mening en hoe laer die gemiddelde veldtotaaltelling, hoe negatiewer is die gemiddelde mening.

3.1.2 *Godsdienssin (veld 1)*

Die gemiddelde veldtotaaltellings van veld 1 (godsdienssin) word volgens standerd, taal en geslag in tabel 6 gerapporteer. Die 95 % betroubaarheidsintervalle vir elke gemiddelde veldtotaaltelling word telkens verskaf.

Indien die grafieke oorsigtelik beskou word, is dit duidelik dat die primêreskoolleerlinge se godsdiensveldtotaaltellings relatief hoog op die meetinstrument se skaal is, veral as in ag geneem word dat die maksimum veldtotaaltelling wat behaal kan word 14 is.

FIGUUR 1
SKEMATIESE VOORSTELLING VAN
EKSPERIMENTELE ONTWERP



1. INLEIDING, TEORETIESE AGTERGROND EN DOEL

Die gegewens wat in hierdie navorsingsbevinding aangebied word, vorm 'n deel van 'n omvattende projek wat deur die Instituut vir Kommunikasie-navorsing onderneem word om die invloed van televisie op die skoolgaande jeug te bestudeer. Die projek spruit uit die aanbevelings van die Kommissie van Onderzoek insake Aangeleenthede betreffende Televisie en van die Tegniese Advieskomitee van die SAUK, naamlik dat navorsing onderneem word oor die sosio-kulturele struktuur van die Suid-Afrikaanse gemeenskap en die invloed wat televisie daarop kan hê.

In hierdie navorsingsbevinding word die menings ondersoek wat Afrikaanssprekende en Engelssprekende primêreskoolleerlinge gedurende die jare 1974 tot 1979 oor sekere aangeleenthede gehuldig het. Daar word veral gelet op die moontlike invloed wat televisie op hulle menings kan hê.

In vorige ondersoeke van die RGN na die invloed van televisie op die menings van sekondêreskoolleerlinge (Afrikaanssprekende standerd 8-leerlinge en Afrikaanssprekende standerd 9- en 10-leerlinge) is bevind dat televisie 'n geringe invloed op hulle menings ten opsigte van godsdienssin, gesag, gesinsverhoudinge en toekomsgerigheid gehad het. (Vgl. De Beer, Van der Merwe 1981; Small 1979; Van der Merwe 1981.)

Tot dusver is daar nog nie ondersoek ingestel na die menings van primêreskoolleerlinge nie. Primêreskoolleerlinge bestee nog meer tyd as sekondêreskoolleerlinge voor die televisiestel, en kommer word wêreldwyd uitgespreek oor die moontlike nadelige invloed wat hierdie lang ure voor die televisiestel op die jong kind kan hê.

In die VSA het kinders van 6 tot 11 jaar in 1976 gemiddeld 26,7 uur per week televisie gekyk (Comstock *et al.* 1978: 91). Von Feilitzen (1976: 55) het met 'n ondersoek in Swede bevind dat

kinders in die ouderdomsgroep 10 tot 14 jaar die meeste televisie kyk in vergelyking met ander ouderdomsgroepe. Compton (1983) het dieselfde tendens in die VSA bevind.

Pitout (1985) het in die RSA bevind dat standerd 3-leerlinge, 22,20 uur per week; standerd 4-leerlinge, 23,15 uur per week en standerd 5-leerlinge 23,16 uur per week in 1979 televisie gekyk het. Pitout (1985) wys daarop dat die standerd 5-leerlinge in 1979 gemiddeld 2,84 uur per week meer as die standerd 6-leerlinge en ongeveer 9 uur per week meer as die standerd 10-leerlinge van dieselfde jaar televisie gekyk het.

Uit Pitout (1985) se bevindinge in die RSA kan afgelei word dat primêreskoolleerlinge gedurende skoolkwartale byna net soveel tyd voor die televisie deurbring as op die skoolbanke. (Primêreskoolleerlinge gaan ongeveer 25 uur per week skool.) Indien die vakansietye ook in berekening gebring word, wil dit voorkom of standerd 3-, 4- en 5-leerlinge gemiddeld meer ure voor die televisie as op die skoolbanke deurbring. Von Feilitzen (1976: 66) meen dat hoe meer kinders aan televisie blootgestel word, hoe groter kan die invloed daarvan wees.

Wat die programvoorkeure van die primêreskoolleerlinge in 1977 en 1979 betref het Pitout (1985) bevind dat verhale en vervolghale die gewildste programme onder die standerd 3-, 4- en 5-leerlinge is. Betreffende die invloed van televisie is dit veral in verhale en vervolghale waar vele sosiale interaksie plaasvind en menings wat voorkom kan verskil van die in die kind se eie ouerhuis. In hierdie verband is dit ook interessant dat Himmelweit, Oppenheim en Vince alreeds in 1958 die mening uitgespreek het dat sekere sieninge herhaaldelik en verkieslik in 'n dramatiese vorm op televisie moet voorkom voor beïnvloeding plaasvind.

Verskeie buitelandse navorsers is van mening dat jonger kinders makliker deur televisie beïnvloed word as ouer kinders en volwas-

Wat die afparing ten opsigte van veld 2 (normatiewe aanvaarding) betref, is by die Afrikaanssprekende seuns 391 pare, Afrikaanssprekende meisies 390 pare, Engelssprekende seuns 91 pare en Engelssprekende meisies 111 pare gevorm (kyk tabelle 8 en 9).

(c) *Eksperimentele ontwerp*

Na afparing tussen die potensiële ligte en strawwe kykers is die gemiddelde verskiltelling tussen die potensiële ligte en strawwe televisiekykergroepe bereken. Die gemiddelde verskiltelling is bereken deur die potensiële ligte televisiekykers se gemiddelde veldtotaaltelling van die potensiële strawwe televisiekykers s'n af te trek. T-toetse vir afgepaarde groepe is telkens toegepas om die betekenisvolheid van die verskil tussen gemiddeldes tussen die twee stelle verskiltellings te bereken (kyk figuur 1).

Uit tabelle 8 en 9 kan afgelei word dat die prosedure waarvolgens potensiële ligte en strawwe kykers afgepaar is, geslaag was aangesien die t-waardes wat uit die berekeninge verkry is, nie statisties betekenisvol was nie.

Vervolgens is die afgepaarde respondente met behulp van hul identiteitsnommers weer in 1976 geïdentifiseer. Hierna is t-toetse vir afgepaarde groepe toegepas tussen die gemiddelde verskiltellings van die strawwe- en ligtekykergroepe.

Volgens hierdie metode van ondersoek kan statisties betekenisvolle verskille beskou word as 'n aanduiding van die invloed wat televisie op die menings van die ondersoeksgroepe gehad het. Kyk figuur 1 vir 'n skematiese voorstelling van die eksperimentele ontwerp.

TABEL 8
EFFEKSTUDIE: RESULTATE TEN OPSIGTE VAN GODSDIENSSIN (VELD 1)

Jaar	Afgepaarde groepe	Gemiddelde ver- skil	Variansie	T-waarde	Kritieke waarde
1974 (voor TV)	Afr. seuns	N=384	0	0	+1,96
	Afr. meisies	N=397	0	0	+1,96
	Eng. seuns (bid ete = 1)	N=59	0	0	+1,96
	Eng. seuns (bid ete = 2)	N=48	0	0	+1,96
	Eng. meisies	N=102	0	0	+1,96
1976 (na TV)	Afr. seuns	N=384	4,0485	0,3297	+ 1,96
	Afr. meisies	N=397	1,9019	-0,9825	+ 1,96
	Eng. seuns (bid ete = 1)	N=59	15,7680	-0,8524	+ 2,00
	Eng. seuns (bid ete = 2)	N=48	24,5514	1,4565	+ 2,01
	Eng. meisies	N=102	12,8255	0,2212	+ 1,98

TABEL 9
EFFEKSTUDIE: RESULTATE TEN OPSIGTE VAN NORMATIEWE AANVAARDING (VELD 2)

Jaar	Afgepaarde groepe	Gemiddelde ver- skil	Variansie	T-waarde	Kritieke waarde
1974 (voor TV)	Afr. seuns	N=391	0,005128	0	+ 1,96
	Afr. meisies	N=390	0	0	+ 1,96
	Eng. seuns	N=91	0,09988	-0,3317	+ 1,99
	Eng. meisies	N=111	0,05422	-0,8153	+ 1,96
1976 (na TV)	Afr. seuns	N=391	6,3184	1,3681	+ 1,96
	Afr. meisies	N=390	4,1180	0,9981	+ 1,96
	Eng. seuns	N=91	14,8527	-0,8704	+ 1,99
	Eng. meisies	N=111	16,1464	1,6299	+ 1,96

senes. Die jong kind word onder andere beïnvloed wanneer sy sieninge oor bepaalde aangeleenthede nog nie gevorm is nie, of wanneer hy deur middel van televisie inligting ontvang oor aangeleenthede waarvoor hy/sy nog oningelig is (Himmelweit, Oppenheim en Vince 1958: 260). Von Feilitzen (1976: 72) stem saam met hierdie stelling en gaan selfs sover om televisie as 'n sosialiseringsagent te sien saam met die gesin, portuurgroep en die skool. Televisie verskaf inligting aan die kind op gebiede waar dit vir ander sosialiseringsagente nie moontlik is nie.

In die lig van die groot blootstelling van veral primêreskoolleerlinge (standerd 3 tot 5) aan televisie, die feit dat hierdie leerlinge vir die eerste keer met 'n groot aantal vreemde situasies en onderwerpe kennis maak en dat die televisie-medium baie keer sy boodskap op 'n dramatiese en herhalende manier oordra, kan verwag word dat die televisie 'n invloed op die menings van primêreskoolleerlinge sal hê.

Die doel met die studie is die volgende:

- 1.1 om na te gaan of daar enige verandering oor tyd in die menings van Afrikaanssprekende en Engelssprekende primêreskoolleerlinge oor sekere aangeleenthede voorgekom het (breë tendensstudie).
- 1.2 om ondersoek in te stel of die menings van Afrikaanssprekende en Engelssprekende primêreskoolleerlinge oor sekere aangeleenthede deur televisie beïnvloed is (effekstudie).

2. METODE VAN ONDERSOEK

2.1 AGTERGROND

Sedert 1974 het die Instituut vir Kommunikasienavorsing in samewerking met die vier provinsiale onderwysdepartemente en die SAUK 'n omvattende ondersoek geloods na die invloed van televisie op skoolgaande kinders vanaf standerd 3 tot 10. 'n Wye verskeidenheid aspekte is oor die loop van agt jaar met behulp van vraelyste en gestandaardiseerde toetse ondersoek. 'n Steekproef standerd 3-leerlinge en 'n steekproef standerd 6-leerlinge wat by die eerste opname in 1974 ingesluit was, is jaarliks vir eksperimentele doeleindes opgevolg tot hulle standerd 10 bereik het (vgl. bylae A). Slegs die gegewens van die standerd 3-opvolgleerlinge is in hierdie ondersoek gebruik vir die effekstudie. Naas bogenoemde opvolggroepe (dit wil sê die standerd 3- en die standerd 6-opvolggroepe is daar ook jaarliks ongeveer 1 500 Afrikaanssprekende en Engelssprekende kontroleleerlinge in elke standerd getoets. Gegewens van die kontrolegroepe is vir die tendensstudie gebruik waar algemene tendense in die menings van primêreskoolleerlinge oor sekere aangeleenthede ondersoek is.

2.2 VRAELYSTE

2.2.1 *Biografiese vraelys*

Hierdie vraelys is deur die Instituut vir Kommunikasienavorsing opgestel met die doel om biografiese en ander belangrike agtergrondgegewens van die leerlinge in te win.

Uit hierdie vraelys is die volgende vrae vir die doel van die ondersoek gebruik:

Vraag 9: Merk in watter standerd jy is (St. 3; st. 4; st. 5).

derlike het slegs twee peile gehad, naamlik "ja, bid met etes" en "nee, bid nie met etes nie" ($F = 38,83$, $p < 0,01$).

Wat die ANOVA-ontledings ten opsigte van normatiewe aanvaarding (veld 2) betref, het geen verklarende veranderlikes in die onderskeie taal- en geslagsgroepe 'n statisties betekenisvolle bydrae tot die verklaring van die variasie in die afhanklike veranderlike gelewer nie.

Die afparing is uitgevoer tussen die potensiële ligte en potensiële strawwe kykers in 1974 (voortelevisiegroepe). Vergelykbare respondente is ten opsigte van die afhanklike veranderlikes in die potensiële ligte televisiekyker en die potensiële strawwekykergroepe geïdentifiseer en sodoende is pare gevorm. 'n Paar is gevorm indien 'n bepaalde respondent in die potensiële strawwe televisiekykergroep se veldtotaaltelling ten opsigte van elke afhanklike veranderlike binne 'n gegewe afstand van die telling is wat die ooreenstemmende respondent (in die potensiële ligte televisiekykergroep) behaal het: Hierdie afstand word in terme van 'n veelvoud van die standaardafwykings van die veldtotaaltellings vir die potensiële ligte televisiekykergroep dit wil sê afstand = $k \times$ standaardafwyking. Daar is met $k = 0$ begin en k is stelselmatig met eenhede van 0,2 vermeerder tot 'n maksimum van 2. Die afgepaarde respondente in die twee groepe het dus nie met meer as 2 standaardafwykings van mekaar ten opsigte van die waarde van die afhanklike veranderlike verskil nie en gevolglik is die twee groepe statisties vergelykbaar.

Na die afparing is ten opsigte van veld 1 (godsdienssin) by die Afrikaanssprekende seuns 384 pare, Afrikaanssprekende meisies 397 pare, Engelssprekende seuns wat met ete bid, 59 pare, Engelssprekende seuns wat nie met ete bid nie, 48 pare en Engelssprekende meisies 102 pare gevorm.

Dit is van belang om hier te meld dat daar reeds voor die ANOVA-ontleding besluit is om die respondente volgens taal en geslag te verdeel: vir elke afhanklike veranderlike (die velde godsdienssin en normatiewe aanvaarding) is daar met ander woorde volgens taal- en geslagsgroepe (Afrikaanssprekende seuns, Afrikaanssprekende meisies, Engelssprekende seuns en Engelssprekende meisies) 'n ANOVA-ontleding uitgevoer.

Ten opsigte van godsdienssin is skoolprestasie, Sondagskoolbywoning, kerkbywoning, die hou van huisgodsdiens, die luister na radiohuisgodsdiens, persoonlike gebed, gebed by etes, die lees van Bybelverhale, lees van die Bybel, kerkjeugverenigingdeelname en die luister na godsdiensprogramme oor die radio as verklarende veranderlikes geag. Wat normatiewe aanvaarding betref, is die bywoon van verskillende skole, druipe van 'n standerd, kuier saam as 'n gesin, gesinsvulligheid, saam radioluister as 'n gesin, saam eet as 'n gesin, skoolprestasie, goedkeuring van vriende deur ouers, werkende moeder, werkende moeder voorskools en stedelike of nie-stedelike woongebied as verklarende veranderlikes in die ANOVA-ontleding gebruik.

Uit die ANOVA-ontledings het geblyk dat ten opsigte van godsdienssin (veld 1) geen verklarende veranderlike 'n statisties betekenisvolle bydrae tot die variasie in die veldtotaaltellings van die Afrikaanssprekende seuns, Afrikaanssprekende meisies en Engelssprekende meisies gelewer het nie. Wat die Engelssprekende seuns betref, is bevind dat die verklarende veranderlike "Bid met etes" 'n statisties betekenisvolle bydrae tot die verklaring van die variasie betreffende die veld godsdienssin gehad het. Die veran-

Vraag 11: In watter taal ontvang jy onderrig in die skool?
(Afrikaans; Engels)

Vraag 13: Ek is 'n seun/meisie.

2.2.2 *Telesiesvraelys*

Hierdie vraelys is deur die Instituut vir Kommunikasienavorsing opgestel om veral inligting in te win oor die leerlinge se telesieskykpatrone.

Die volgende vrae was tersaaklik by die ondersoek:

Vraag 7: Hoeveel uur per dag kyk jy gewoonlik telesies (Maandae tot Donderdae gedurende skoolkwartale)? (Kyk nooit nie; minder as een uur; een uur en meer, maar minder as twee uur; twee uur en meer, maar minder as drie uur; drie uur en meer, maar minder as vier uur; vier uur en meer, maar minder as vyf uur; vyf uur en meer.)

Vraag 8: Hoeveel uur kyk jy gewoonlik oor naweke telesies (Vrydae tot Sondag gedurende skoolkwartale)? (Kyk nooit nie; minder as een uur; een uur en meer, maar minder as twee uur; twee uur en meer, maar minder as drie uur; drie uur en meer, maar minder as vier uur; vier uur en meer, maar minder as vyf uur; vyf uur en meer, maar minder as ses uur; ses uur en meer, maar minder as sewe uur, sewe uur en meer.)

2.2.3 *Meningsopnamevraelys*

Hierdie vraelys is deur die Instituut vir Kommunikasienavorsing opgestel en is ontwikkel om iets meer te wete te kom van die menings van skoolgaande kinders in standerd 3 tot 10. Die vraelys bestaan uit 70 items waarvan elkeen vier antwoordmoontlikhede het naamlik "Ja", "Nee", "Ek kan nie besluit nie" of "Ek weet niks hiervan nie".

Na 'n reeks faktoranalitiese studies wat deur Peens (1977) uitgevoer is op die resultate wat met behulp van hierdie vraelys op sekondêreskoolleerlinge verkry is, is vier duidelike en sinvolle faktore geïdentifiseer, naamlik godsdienssin, gesag, gesinsverhoudinge en toekomsgerigtheid.

Die standerd 3- tot 5-leerlinge se komprehensiekapasiteit is in ag geneem by die beantwoording van die vraelys en daarom het hulle slegs 58 van die 70 vrae in hierdie vraelys beantwoord. Omdat die primêreskoolleerlinge slegs 58 vrae in die vraelys beantwoord het en weens ander redes (onder andere rypingsfaktore) kan verwag word dat die faktorpatrone van die groep sal verskil. Gevolglik is 'n faktorontleding op die response van die standerd 3- tot 5-leerlinge op die betrokke 58 items uitgevoer. 'n Volledige bespreking van hierdie ontleding word by die verwerking van die gegewens uiteengesit. (Kyk par. 2.4.1(b).)

2.3 ONDERSOEKSGROEPE

Die gegewens wat in die ondersoek gebruik is, is vanaf 1974 onder Blanke laerskoolleerlinge in standerd 3 tot 10 ingesamel. Die opnames is op 'n landwye grondslag van stapel gestuur in die provinsiale skole van die RSA. 'n Gestratifiseerde steekproef is getrek op grond van getalle wat in 1973 deur die onderwysdepartemente van die vier provinsies beskikbaar gestel is. Die stratifikasieveranderlikes van die steekproewe is taal (taalmedium waarin onderrig ontvang is), geslag, streek (stedelike/nie-stedelike ligging van die skole) en provinsie waarin die skool geleë is.

2.3.1 Samestelling van die steekproewe vir die breë tendensstudie

Die steekproewe vir die breë tendensstudie word afsonderlik vir Afrikaanssprekende en Engelssprekende leerlinge gerappor-

C en D wat uit 50 % van die steekproef bestaan (televiesiekyktyd: 21,5 uur of langer per week), staan bekend as die strawwe televisiekykers of eksperimentele groep.

Die strawwe televisiekykers is vervolgens individueel geïdentifiseer met behulp van identiteitsnommers wat aan die leerlinge toegeken is in 1974 (toe hulle in standerd 3 was) en hierdie groep word die potensiële strawwe kykergroep genoem. Op soortgelyke wyse is die ligte kykers in 1974 geïdentifiseer en hulle staan as die potensiële ligtekykergroep bekend.

(b) Afparing

Dit is nie slegs televisie nie, maar talle ander faktore wat die menings van kinders kan beïnvloed. Ten einde die invloed van televisie te isoleer moet hierdie faktore geïdentifiseer word, en dan moet daar sover moontlik daarvoor gekontroleer word.

Vir die doeleindes van hierdie ondersoek is die totaaltellings op beide meningsvelde as die twee afhanklike veranderlikes beskou. Aangesien die twee velde, naamlik godsdienssin en normatiewe aanvaarding statisties afsonderlik ontleed is, is eenveranderlike variansie-analises (ANOVA) op elk van die velde uitgevoer. Die doel met die ANOVA-ontleding was om die verklarende veranderlikes waarop die afparing later gedoen is, te identifiseer.

gerapporteer. Die 95 % betroubaarheidsintervalle* is vir die gemiddelde veldtotaaltellings op die twee velde bereken.

Deur inspeksie van die betroubaarheidsintervalle kan stygende of dalende tendense in die gemiddelde veldtotaaltellings tussen die verskillende jare afgelei word. Indien 'n jaar se betroubaarheidsinterval oorvleuel met 'n volgende jaar s'n, is dit 'n aanduiding dat die gemiddelde veldtotaaltellings nie van mekaar verskil nie. Indien by twee opeenvolgende jare se betroubaarheidsintervalle geen oorvleueling plaasvind nie, kan dit as 'n aanduiding van 'n stygende of dalende tendens beskou word.

2.4.3 Effekstudie

Die doel met die effekstudie is om ondersoek in te stel of televisie enige effek op primêreskoolleerlinge se menings ten opsigte van godsdienssin en normatiewe aanvaarding gehad het.

(a) *Ligte en stramme televisiekykergroepe*

In 1976 is al die leerlinge vir die betrokke jaar in vier ewe groot groepe (kwartiele) verdeel volgens televisiekyktye. Die groepe het bekend gestaan as groep A, B, C en D.

Om die differensieerbaarheid van die groepe te verhoog, is besluit om 'n middelgroep (groep B) nie te gebruik nie. Groep A wat uit 25 % van die steekproef bestaan (televisiekyktyd: minder as 6,5 uur per week en nie-kykers ingesluit) staan bekend as die ligte kykers of kontrolegroep. Groepe

*'n Betroubaarheidsinterval van 95 % impliseer dat 95 uit elke 100 betroubaarheidsintervalle na verwagting die populasie gemiddelde veldtotaaltellings insluit.

teer.

Aangesien die verhouding van die stratifikasieveranderlikes in die gestratifiseerde steekproef nie presies ooreenstem met die betrokke verhoudings in 1973* nie, is die steekproef nie sonder meer vergelykbaar met die verhoudings in 1973 nie. Daar is egter vir die feit gekompenseer deur die weging van die steekproefgemiddeldes. Ten einde die weging uit te voer, word die verhouding respondente in 1973 in subpopulasie i deur w_i aangedui en die ooreenstemmende gemiddelde deur x_i . 'n Geweegde gemiddelde is soos volg bereken: $wx = w_1x_1 + w_2x_2 + \dots + w_nx_n$. (Vgl. tabelle 1 en 2 vir geweegde steekproewe.)

2.3.2 Samestelling van die steekproef vir die effekstudie

Die ondersoekgroep vir die effekstudie bestaan uit leerlinge wat in 1974 in standerd 3 was. Dieselfde groep leerlinge is opgevolg en weer in 1976 getoets toe hulle in standerd 5 was. Die samestelling van die steekproef wat in die effekstudie betrek is, word in tabelle 3 en 4 weergegee.

2.4 VERWERKING EN AANBIEDING VAN GEGEWENS

2.4.1 *Meningsopnamevraelys*

Voordat die vrae in die meningsopnamevraelys ontleed kon word, is sekere verwerkings ten opsigte van die vraelys uitgevoer.

(a) Toekenning van gewigte

Die doel met die toekenning van gewigte aan die items was

*Die steekproewe is gestratifiseer volgens die 1973-gegewens van leerlinge in standerd 3 tot 10 wat van die vier provinsiale onderwysdepartemente ontvang is.

TABEL 1

SAMESTELLING VAN GEWEEGDE STEEKPROEF AFRIKAANSSPREKENDE LEERLINGE IN BREË TENDENSSTUDIE

Jaar	Geslag	Standerd 3		Standerd 4		Standerd 5	
		N	%	N	%	N	%
1974 ¹⁾	Seuns	2 186	49,58	466	51,32	445	50,51
	Meisies	2 223	50,42	442	48,68	436	49,49
	TOTAAL	4 409	100,00	908	100,00	881	100,00
1975	Seuns	576	50,97	499	51,18	492	50,67
	Meisies	554	49,03	475	48,72	479	49,33
	TOTAAL	1 130	100,00	974	100,00	971	100,00
1976 ²⁾	Seuns					467	52,12
	Meisies					429	47,88
	TOTAAL					896	100,00
1977 ³⁾	Seuns	459	51,86	450	51,55	449	50,79
	Meisies	476	48,14	423	48,45	435	49,21
	TOTAAL	885	100,00	873	100,00	884	100,00
1979	Seuns	496	51,19	468	50,16	462	50,44
	Meisies	473	48,81	465	49,84	454	49,56
	TOTAAL	969	100,00	933	100,00	916	100,00

1) Geen onderskeid is in 1974 tussen opvolg- en kontrole leerlinge getref nie (eerste opname jaar).

2) Slegs gegewens vir standerd 5-leerlinge is in 1976 beskikbaar.

3) Geen gegewens is vir 1978 beskikbaar nie.

TABEL 7

TENDENSSTUDIE: GEMIDDELDE VELDTOTAALTELLINGS MET BETROUBAARHEIDSINTERVALLE TEN OPSIGTE VAN NORMATIEWE AANVAARDING (VELD 2)

	Standerd 3				Standerd 4				Standerd 5			
	Seuns		Meisies		Seuns		Meisies		Seuns		Meisies	
	Afr.	Eng.	Afr.	Eng.	Afr.	Eng.	Afr.	Eng.	Afr.	Eng.	Afr.	Eng.
1974	4,769*	4,666	5,731	5,366	4,52	4,435	5,84	5,75	4,712	4,615	6,56	6,42
	4,768**	4,665	5,727	5,362	4,51	4,429	5,82	5,73	4,705	4,609	6,54	6,39
	4,771***	4,667	5,735	5,370	4,53	4,441	5,86	5,77	4,719	4,622	6,58	6,45
1975	4,75	4,618	5,27	4,94	4,661	4,423	5,62	5,30	4,567	4,537	6,18	6,39
	4,74	4,612	5,25	4,92	4,655	4,418	5,60	5,28	4,561	4,532	6,16	6,37
	4,76	4,624	5,29	4,96	4,668	4,429	5,64	5,32	4,573	4,543	6,21	6,42
1976									4,582	4,374	6,24	5,68
									4,577	4,368	6,22	5,66
									4,589	4,380	6,26	5,70
1977	5,634	5,594	5,83	5,58	5,563	5,44	5,85	5,83	4,654	4,68	5,57	5,24
	5,628	5,588	5,81	5,57	5,557	5,43	5,84	5,82	4,647	4,67	5,55	5,22
	5,641	5,599	5,84	5,59	5,569	5,45	5,87	5,84	4,660	4,69	5,60	5,26
1979	6,516	6,507	7,18	6,68	6,83	6,344	7,19	6,30	5,462	4,93	6,28	6,01
	6,510	6,501	7,16	6,66	6,82	6,338	7,16	6,28	5,455	4,92	6,25	5,99
	6,523	6,513	7,20	6,70	6,84	6,350	7,21	6,32	5,470	4,94	6,31	6,03

*Gemiddeld.

**Onderste betroubaarheidsgrens.

***Boonste betroubaarheidsgrens.

TABEL 6
TENDENSSTUDIE: GEMIDDELDE VELDTOTAALTELLINGS MET BETROUBAARHEIDINTERVALLE TEN OPSIGTE VAN
GODSDIENSSIN (VELD 1)

	Standerd 3				Standerd 4				Standerd 5			
	Seuns		Meisies		Seuns		Meisies		Seuns		Meisies	
	Afr.	Eng.	Afr.	Eng.	Afr.	Eng.	Afr.	Eng.	Afr.	Eng.	Afr.	Eng.
1974	13,171*	13,302	11,306	11,688	13,392	13,393	10,92	11,22	13,33	13,39	11,01	10,96
	13,173**	13,303	11,301	11,683	13,386	13,386	10,89	11,19	13,32	13,38	10,98	10,93
	***		11,311	11,693	13,397	13,400	10,95	11,24	13,34	13,40	11,03	10,99
1975	12,78	13,08	11,01	11,62	13,32	13,332	10,54	11,40	13,393	13,582	10,33	10,36
	12,77	13,07	10,99	11,60	13,31	13,325	10,51	11,37	13,387	13,578	10,31	10,33
	12,79	13,09	11,04	11,65	13,33	13,338	10,57	11,43	13,398	13,586	10,36	10,39
1976									13,432	13,552	10,89	11,32
									13,426	13,546	10,87	11,30
									13,437	13,557	10,92	11,35
1977	11,42	11,58	10,11	10,25	11,721	11,761	10,05	10,11	13,527	13,461	10,65	11,41
	11,41	11,57	10,09	10,24	11,716	11,755	10,03	10,10	13,522	13,455	10,62	11,39
	11,43	11,59	10,13	10,27	11,727	11,766	10,07	10,13	13,532	13,467	10,68	11,44
1979	13,122	13,194	11,24	11,48	13,272	13,316	10,71	11,15	12,651	12,729	10,48	10,42
	13,116	13,188	11,21	11,46	13,266	13,310	10,68	11,12	12,645	12,723	10,45	10,38
	13,129	13,201	11,26	11,51	13,279	13,323	10,75	11,18	12,656	12,734	10,52	10,45

*Gemiddeld.

**Onderste betroubaarheidsgrens.

***Boonste betroubaarheidsgrens.

TABEL 2

SAMESTELLING VAN GEWEEGDE STEEKPROEF ENGELSSPREKENDE LEERLINGE IN BREË TENDENSSTUDIE

Jaar	Geslag	Standerd 3		Standerd 4		Standerd 5	
		N	%	N	%	N	%
1974 ¹⁾	Seuns	1 202	51,24	234	49,47	250	55,19
	Meisies	1 144	48,76	239	50,53	203	44,81
	TOTAAL	2 346	100,00	473	100,00	453	100,00
1975	Seuns	267	50,97	263	51,77	261	51,48
	Meisies	261	49,03	245	48,23	246	48,52
	TOTAAL	528	100,00	508	100,00	507	100,00
1976 ²⁾	Seuns					277	50,83
	Meisies					268	49,17
	TOTAAL					545	100,00
1977 ³⁾	Seuns	243	49,09	249	49,80	255	50,10
	Meisies	252	50,91	251	50,20	254	49,90
	TOTAAL	495	100,00	500	100,00	509	100,00
1979	Seuns	230	51,00	237	49,17	215	49,43
	Meisies	221	49,00	245	50,83	220	50,57
	TOTAAL	451	100,00	482	100,00	435	100,00

1) Geen onderskeid is in 1974 tussen opvolg- en kontrole leerlinge getref nie (eerste opname jaar).

2) Slegs gegewens vir standerd 5-leerlinge is in 1976 beskikbaar.

3) Geen gegewens is vir 1978 beskikbaar nie.

TABEL 3

SAMESTELLING VAN STEEKPROEF AFRIKAANSSPREKENDE LEERLINGE IN EFFEKSTUDIE

Jaar	Geslag	Standerd 3		Standerd 4 ¹⁾	Standerd 5	
		N	%		N	%
1974 (voor TV)	Seuns	2 186	49,58			
	Meisies	2 223	50,42			
	TOTAAL	4 409	100,00			
1976 (na TV)	Seuns				1 605	48,70
	Meisies				1 691	51,30
	TOTAAL				3 296	100,00

TABEL 4

SAMESTELLING VAN STEEKPROEF ENGELSSPREKENDE LEERLINGE IN DIE EFFEKSTUDIE

Jaar	Geslag	Standerd 3		Standerd 4 ¹⁾	Standerd 5	
		N	%		N	%
1974 (voor TV)	Seuns	1 202	51,24			
	Meisies	1 144	48,76			
	TOTAAL	2 346	100,00			
1976 (na TV)	Seuns				862	50,53
	Meisies				844	49,47
	TOTAAL				1 706	100,00

1) Die standerd 4-leerlinge is opgevolg in 1975, maar vir doeleindes van die studie nie in berekening gebring nie.

Hinder dit jou as jy iemand hoor vloek?	0,357
Behoort sport op Sondag net soos op ander dae beoefen te word?	-0,352*
Behoort kinders op skool 'n pak slaag te kry?	0,329

Faktor 2 bestaan hoofsaaklik uit vrae wat dui op die leerlinge se menings ten opsigte van normatiewe aanvaarding en sal verder in die ondersoek bekend staan as veld 2 of normatiewe aanvaarding.

Die gemiddelde inter-itemkorrelasie van die 14 geselekteerde veranderlikes is 0,2030. Die betroubaarheid van die vraelys met 14 vrae is bereken deur middel van die alpha-koëffisiënt (kyk McKenel, 1970) en is 0,78. Die betroubaarheid is effens hoër as die betroubaarheid van die vraelys met 70 vrae. Vir hoërskoolleerlinge (vgl. Peens, 1977) is die vraelys egter as gevolg van hoër interne konstantheid meer aanvaarbaar.

2.4.2 Breë tendensstudie

Die breë tendensstudie is onderneem om ondersoek in te stel of die menings van primêreskoolleerlinge oor die tydperk 1974 tot 1979 verander het.

Die gemiddelde veldtotaaltellings wat die leerlinge behaal het ten opsigte van die twee meningsvelde, naamlik godsdienssin en normatiewe aanvaarding is vergelyk oor die jare 1974 tot 1979 volgens standerd, taal en geslag en word in tabelle 6 en 7

*Die minusteken voor die itemlading dui op 'n negatiewe toekenning van gewigte. Aan die oorblywende vrae is positief gewigte toegeken.

(c) *Interpretasie van die faktore*

"The interpretation of a factor: is based upon the variables which are and are not related to the factor" (Gorsuch 1974: 182).

Hier volg nou 'n uiteensetting van die faktore met die itemladings van hoog na laag gerangskik.

FAKTOR 1

Dink jy jy behoort elke aand te bid?	0,606
Dink jy dit is nodig om gereeld kerk toe te gaan?	0,592
Dink jy dat jy elke dag jou Bybel behoort te lees?	0,578
Dink jy dit is altyd nodig om by etes te bid?	0,558
Dink jy dit is nodig om gedurende skoolvakansies kerk toe te gaan?	0,463
Dink jy jy moet tot 'n kerk behoort?	0,419
Dink jy dit is nodig om iets vir die kerk of die sending te gee?	0,340

Faktor 1 bestaan uit vrae wat op die leerlinge se menings ten opsigte van godsdiens dui en sal verder in die ondersoek bekend staan as veld 1 of godsdienssin.

FAKTOR 2

Behoort kinders toegelaat te word om enige rolprent wat hulle wil te gaan kyk?	0,575
Behoort kinders toegelaat te word om te lees net wat hulle wil?	0,548
Behoort bioskope op Sondag net soos ander dae oop te wees?	-0,440*
Is dit mooi as al die kinders op skool skooldrag dra?	0,386

om 'n totaalstelling vir elke leerling ten opsigte van die vraelys te bereken.

Die gewigte vir die verskillende response op die positiewe vrae is soos volg toegeken.

Itemtelling (gewig)	Itemrespons	Betekenis
2	A	Ja
1	C en D	Ek weet niks hiervan nie/ Ek kan nie besluit nie
0	B	Nee

By negatiewe stellings is 'n omgekeerde skaaltoekening gebruik sodat die tellingwaardes almal in dieselfde rigting kan dui.

Itemtelling (gewig)	Itemrespons	Betekenis
0	A	Ja
1	C en D	Ek weet niks hiervan nie/ Ek kan nie besluit nie
2	B	Nee

(b) Faktorontleding

'n Faktorontleding is op eksploratiewe wyse op die interkorrelasie-matriks volgens die hoof-faktorontledingsmetode uitgevoer (Harman 1967). Gekwadreerde meervoudige korrelasies (R^2) is gebruik as aanvangskommunaleiteite.

Verskillende kriteria bestaan waarvolgens daar besluit kan word hoeveel faktore onttrek moet word. Een van hierdie kriteria is Cattell se 'scree'-toets soos aangehaal deur Gorsuch (1974). Volgens hierdie kriterium word 'n grafiek getrek, (knakgrafiek) van al die eiewaardes teenoor die nommer van die wortel (dit is die orde van onttrekking).

Die vorm van die knakgrafiek word dan gebruik om te besluit waar die afsnypunt moet wees. Die punt op die grafiek waar die grafiek 'n 'elmoog' vorm, word as die maksimum getal faktore geneem wat onttrek behoort te word.

Volgens die 'scree'-toets is daar 'n baie duidelike reguitlynige verband vanaf die vyfde onttrekte faktor en dui die grafiek daarop dat vier faktore onttrek moet word. Hierdie vier faktore verklaar slegs 11,78 % van die variansie.

Die kommunaliteite was oor die algemeen baie laag. Dertig van die 58 was laer as 0,10. Die gemiddelde interitemkorrelasiekoëffisiënt was slegs 0,0581. (Die betroubaarheid van die vraelys met 58 vrae is bereken deur die alpha-koëffisiënt (kyk McKenel 1970) en is 0,77). Hierdie lae kommunaliteite en interkorrelasies kan onder andere toegeskryf word aan die gebrek aan onderlinge verwantskap of aan die tipe skaal wat in die vraelys gebruik is. Daar moet egter in gedagte gehou word dat die faktoranalise bloot eksploratief aangewend is.

Daar is vervolgens besluit om slegs die veranderlikes wat kommunaliteite van 0,15 en hoër het, in die ondersoek te betrek. 'n Faktorontleding is op die interkorrelasie-matriks van die geselekteerde 14 veranderlikes uitgevoer. Gekwadreerde meervoudige korrelasies (R^2) is weer gebruik as aanvangskommunaliteite.

Volgens Cattell se 'scree'-toets is daar besluit om twee faktore te onttrek. Die onttrekte faktore is met behulp van 'n Varimax-transformasie ortogonaal geroteer. Die geroteerde faktormatriks verskyn in tabel 5. Alle ladings hoër as |0,3000| is in hierdie ondersoek as beduidend beskou.

TABEL 5
GEROTEERDE FAKTORMATRIKS OP 14 GESELEKTEERDE VRAE

Veranderlike	Faktor 1	Faktor 2	Kommunaliteit
Vraag 2	0,558	-	0,338
Vraag 6	0,578	-	0,369
Vraag 8	-	0,329	0,150
Vraag 14	0,592	-	0,372
Vraag 22	0,606	-	0,391
Vraag 26	0,419	-	0,194
Vraag 33	0,340	-	0,150
Vraag 37	0,463	-	0,273
Vraag 40	-	-0,440	0,244
Vraag 44	-	0,357	0,190
Vraag 46	-	0,386	0,177
Vraag 47	-	0,548	0,303
Vraag 51	-	0,575	0,340
Vraag 52	-	-0,352	0,187
% - verklarende gemeenskaplike variasie	15,17	11,07	26,24